

GE(REG)TIGHEID...

Deur Karla van Veijeren

Ek rig 'n gedig

'n gedig op aan die gemeenskap, die reg en vele meer:

Sonder komplekse sinne

Sonder regstaal wat rym,

Sommer net 'n stelling sonder die afhanklikheid van regterlike uitsprake.

Net 'n eenvoudige teenstrydigende paradigma;

'n perspektief gelaai met eenvoud en omring met kompleksiteit.

Jy beitel die samelewing met jou regsreëls

en val onder die swaar hand van die wetgewer se verteenwoordigende wil...

Die tipe reg is dan mos positief, Edelaagbare?

Jy lê dan die reg uit soos 'n teerpad:

Die reg, die ononderbroke wit streep

en

Moraliteit die grys van die pad...

Die pad van teer wat die vertikale stryd

Van barmhartige moraliteit

met

die skaal van die reg,

oogopmerkend van mekaar weerhou.

Maar is jou morele verwysingsraamwerk

nie die van die reg in sy natuurlike vormnie, Regter?

Jy vorm ons dan met jou menslikheid

en

rond ons af met jourasionele kenbaarheid.

Jou waardes is eg,

hulle geld universeel.

U Edelespreek die geregtigheid van moraliteit.

Die langarm van die reg

Strooi dan die sade van antwoorde op uitsprake

gebasseer op dit wat bevind word as reg

en

aanskou word as die morele kieslys.

Die reg is dan mos reg.

So waarom veg ons, die geloofwaardige getuienis van die reg, teen die vraag:

Wat is die reg ?¹

(DIE) REG ?

¹ Die basis (rym en skema) van die gedig is : Ma deur Antjie Krog